South African Wood Preservers Association

Nuusbrief 224

DESEMBER 2019

Geagte Lede

SAWPA wens vir u en u geliefdes 'n geseënde, rustige en vreugdevolle Kersfees en vakansie toe.

Neem kennis dat die SAWPA-kantoor op 13 Desember sluit en weer op 8 Januarie 2020 heropen.

HERSIENING VAN STANDAARDE

Soos in die vorige nuusbrief gemeld, is die kommentaar wat op die 3de SANS 1288 konsepdokument ontvang is by die SABS TC218SC1 vergadering op 8 Oktober bespreek. Ongelukkig was daar na die vergadering besluit dat daar nie 'n kworum bereik was nie, en gevolglik is 'n 4de konsepdokument met die ooreengekome verandering op die 15de November uitgestuur vir stemming. Weens intervensie van SAWPA met die SABS Standaarde Bestuur is die projek prioriteit status gegee wat bygedra het dat alle stemme binne 'n week ingedien is. Die dokument is nou in die proses van finale redigering alvorens dit as Konsep Suid-Afrikaanse Standaard (DSS) vir publieke kommentaar gesirkuleer word. Die verwagting is dat SANS 1288 teen die einde van die eerste kwartaal in 2020 goedgekeur en gepubliseer sal wees.

Rakende SANS 10005 Ed is die publieke kommentaar (DSS) periode afgehandel en die dokument word finaal geredigeer en voorberei vir goedkeuring en publikasie. Sodra SANS 1288 dan ook goedgekeur en gepubliseer is, sal SAWPA 'n elektroniese kopie van al die nuwe hersiene standaarde i.e. SANS 457-2, SANS 457-3, SANS 753, SANS 754, SANS 10005 en SANS 1288, aan alle SAWPA Klas 1 lede uitreik. Lede word dus weer herinner om nie kopieë van die standaarde aan te koop nie.

NRVS & ONWETTIGE HOUTVERDUURSAMING

Verslag oor vergadering gehou met NRVS: Op Maandag die 25ste November het SAWPA 'n vergadering met die NRCS belê. Die vergadering is ook deur n amptenaar van DTI bygewoon en die doel van die vergadering was om die voortgesette swak, en tekort aan, regulering deur die NRCS te bespreek. SAWPA kan rapporteer dat die volgende bespreek en ooreengekom is:

- Dit is die NRVS se mandaat en plig om onwettige houtverduursaming te reguleer, en terwyl hulle dit nie effektief gedoen het tot op hede nie, bly dit hulle verantwoordelikheid om die probleem van onwettige behandeling en verkope as kwessie van erns aan te spreek.
- Dat die tekort aan logistiese kapasiteit om die probleem effektief aan te spreek 'n probleem is wat hulle spoedig moet aanspreek.
- Dat die NRVS onderneem om oplossings te vind en die nodige hulpbronne daar te stel om die tekortkominge teen die einde van die eerste kwartaal aan te spreek.
- Dat die NRCS op hoë vlak met staatsdepartemente met 'n belang in houtverduursaming en voldoening aan toepaslike wetgewing i.e. DTI, DEFF (omgewingsbestuur en bosbou verwante bedrywe), Departement Landbou (Registrateur van landboumiddels), ens. sal skakel vir bystand en kollektiewe oplossings te vind om onwettige houtverduursaming en verkope hok te slaan.
- Dat die verpligte spesifikasie VC 9092 hersien sal word om tekortkominge aan te spreek, bv. bewoording in te sluit wat vereis dat hout wat die voorkoms gee dat dit behandel is, wel moet en sal voldoen.

Dit is ook deur die NRCS-bestuursverteenwoordigers gemeld dat indien die NRVS tot die slotsom kom dat die NRVS nie bevoeg is om enige gereguleerde kommoditeit te reguleer nie, hulle dit erken, en dan versoek dat die verpligte spesifikasie onttrek moet word. So 'n besluit sal egter slegs as 'n finale besluit geneem word na deeglike oorlegpleging, en alle ander moontlike

opsies vir effektiewe regulering oorweeg is. Die NRVS glo egter dat hulle wel in die komende maande oplossings sal vind, en die onwettige behandelings sal aanspreek.

Bewusmakingsveldtog oor onwettige behandeling en verkope: Die moontlikheid vir samewerking tussen die bedryf, DTI, die NRVS en ander belangegroepe om 'n bewusmakingsveldtog van stapel te stuur, is ook bespreek. Die NRCS het aangedui dat hulle media vrystellings sal uitreik as deel van hulle plig om te reguleer. In die opsig sal hulle gebruik maak van die SAWPA inligtingsbrosjures wat beskikbaar is in verskeie tale, ondermeer, Engels, Zulu, Sepedi, Venda en Xhosa. SAWPA het intussen ook twee Facebook plasings begin wat gemik is op die mees geaffekteerde areas in KZN en Limpopo. Die plasings poog om mense bewus te maak van die verkoop van onwettige behandelde hout, om die publiek in staat te stel om die verskil tussen wettige en onwettige behandelde pale te kan onderskei, en om hulle te weerhou om onwettige handel te ondersteun. Sedert die plasings op 30 November (KZN) en 5 Desember (Limpopo) begin is, het dit teen die 9de Desember onderskeidelik meer as 15 000 en 6 000 mense in die geteikende gebiede bereik. Besoek asseblief die SAWPA – South African Wood Preservers Association se Facebook blad en deel en ondersteun die plasings.

NASIONALE MINIMUM LOON 2020 – NUUTSTE ONTWIKKELING

Die NML Kommissievergadering geskeduleer vir 21 November, om oor die moontlikheid van NML verhogings te besin, is gekanselleer omdat hulle nie 'n kworum was nie. Dit is heel waarskynlik dat die vergadering nou eers in Januarie 2020 sal plaasvind. Dit, tesame met die feit dat 'n 30 dae kennis periode gegee moet word vir publieke kommentaar op enige voorgestelde verhogings deur die Minister, beteken dat die NML aanpassings, indien enige, op die vroegste eers teen 1 Maart geïmplementeer kan word.

In terme van huidige wetgewing moet die NML terugwerkend wees tot 1 Januarie. Alhoewel daar tans geen idee is wat die NML verhoging gaan wees nie, is dit moontlik dat dit ten minste in lyn met die onlangse VPI-syfer van 3.7% kan wees. Werkgewers wat nie in finansiële nood verkeer nie, en wel in afwagting verhogings wil oorweeg, kan dalk dink om die 3.7% verhoging vanaf 1 Januarie 2020 te implementeer.

Sover sektorale ooreenkomste is daar tot op hede geen aanduiding wat in oorlegplegings bereik is nie, bv. die saagmeul ooreenkoms wat gewoonlik terugwerkend is tot 1 Julie. Dit, tesame met die basiese indiensnemingsvoorwaardes wat vereis dat sektorale ooreenkomste proporsioneel verhoog word met ten minste wat die NML-aanpassing is, mag werkgewers onderhewig aan sektorale ooreenkomste dalk laat oorweeg om ook 'n VPI verhoging te implementeer.

Maatskappye wat weens finansiële nood nie verhogings kan bekostig nie, word aangeraai om deur die normale kanale aansoek te doen vir kwytskelding.

NUUSBROKKIES

- Die 2020 SAWPA kalender is reeds aan lede gepos en ons vertrou dat u reeds u kopie ontvang het. Indien nie, moet u uitkyk daarvoor en dit by u posbus gaan afhaal.

Groete

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.